

14 Julie

**Skrifgedeelte: Psalm 104**

**Die wyse Skepper**

In hierdie letterkundige pragstuk word God besing as die Skepper en die Onderhouer van alles wat bestaan.

Daar is blydschap oor God se skeppingswerk. Sy wysheid skitter daarin. Hyself hou dit majesteitlik en vaderlik in stand en versorg dit. Daar is 'n wonderlike eenheid en balans in die skepping. Elke skepsel het sy besondere plek en saam vorm dit 'n indrukwekkende geheel.

Die Here laat fonteine ontspring en Hy laat riviere vloei. Dit is Hy wat reën gee en wat sorg dat alle skepsele voedsel kry: voëls en diere en ook die mens. Hy gee soms ook oorvloed en ons kan dan feesvier. Die Here reël die gang van die tye, die seisoene en selfs die daaglikse gang van mens en dier. Die see, en alles wat daarin is, is onder sy beheer en Hy stel dit tot diens van die mens. Dit is God wat lewe gee en dit is Hy wat lewe wegneem.

Die skepping word hier bewonder, maar dit is die Skepper wat geprys word. By die volke rondom Israel is die natuurkragte as gode gesien en daarom ook vereer. Daar is vandag nog 'n sterk neiging om die skepping te vergoddelik.

Psalm 104 gee die regte perspektief. Hernude aandag aan die ekologie en liefde vir natuurbewaring is goed, maar dan moet ons die regte uitsig op die skepping hê. En die Skepper moet geloof en geprys word!

*Sing: Psalm 104:1,2,17,18*

*Dr F van der Walt (Bellville-Oos)*